

Vir meer inligting oor die groei van reuse pampoene, besoek gerus die webwerf: [www.pampoen.co.za](http://www.pampoen.co.za) – daar is ook 'n forum op waar vrae gevra kan word en groei tegnieke bespreek word.

## 1. Berei plantarea voor


- \* die kwaliteit van jou grond is die grootste bepalende faktor van hoe groot jou pampoen sal wees
- \* elke plant benodig 'n minimum plantarea van  $40\text{m}^2$  (die ideaal is  $60\text{m}^2$ )
- \* pH moet verkieslik tussen 6.5-7 wees vir optimale opname van voedingstowwe
- \* berei plantarea voor met kompos of goed gekomposteerde kraalmis/of enige ander soort mis
- \* plant in 'n area wat volson ontvang as moontlik
- \* as daar seker tekorte in jou grond is (bepaal deur 'n grond analise te doen), kan aanpassing gemaak word deur die nodige kunsmis toe te dien

## 2. Saailinge

- \* Plant pitte in potjies gevul met kompos of 'potting soil'
- \* Na verskyning van die eerste ware blaar (die 3de blaar) kan die saailing uitgeplant word in die plantarea. In 80% van gevalle sal die plant dan begin rank in die teenoorgestelde rigting as die eerste ware blaar
- \* Hou potjies ten alle tye vogtig (maar nie nat) terwyl pitte ontkiem [ek beveel nie aan dat die pitte gevul of ge-"soak" word nie - plant net direk in plantbakkies/potjies]

## 3. Groei die plant

- \* Beskerm jou plant teen hitte en wind
- \* Beskerm plante teen swamme: Probeer blare droog hou wanneer water toegedien word, en maak net in die oggend nat. As die plante reeds gevestig is kan daar weekliks 'n swamdoder toegedien word - bo en onder die blare. (Kry iets wat donsskimmel sal verhoed)
- \* Mag ook nodig wees om insekdoder een keer per week toe te dien. Gebruik weereens eers wanneer plant gevestig is.
- \* Snoei ranke: 2-3 weke nadat jy die saailing uitgeplant het sal die plant begin rank. Die ranke wat uit die sekondêre ranke kom is die sekondêre ranke. Alle tersiêre ranke wat op sy beurt uit die sekondêre ranke groei moet gesnoei word. Lei jou ranke dat hulle groei in 'n kersfeesboom vorm soos hieronder getoon:



\* Reuse pampoenplante het die vermoë om wortels te groei by elke plek waar die blaar die rank ontmoet. So maak seker dat jy die hele plantarea nat maak as jy water gee. Sommige groeiers bedek ook hul ranke met bietjie grond om wortelvorming aan te moedig. Slegs nodig om die deel van die rank te bedek waar die blaar die rank ontmoet (moet eerder nie die hele rank met grond bedek nie).

\* Gebruik loopplanke om grondkompaktering te voorkom

#### 4. Bestuiwing

\* Middel Desember moet blomme bestuif word. Die plante sal beide mannetjies en vroujies blomme hê. Vroujies blomme het 'n klein onbevrugte pampoeëntjie onderaan. As daar nie genoeg bye is nie moet jy self die bestuiwing doen. Dit moet vroeg in die oggend gedoen word. Bestuiwing kan slegs binne 'n paar uur nadat die vroujiesblom vir die eerste keer oopgemaak het gebeur. Pluk 'n paar vars mannetjiesblomme en skud die styfmeel af op die vroujiesblomme.

#### 5. Groei die pampoen

\* Kyk wat se pampoen groei die vinnigste, en het beste posisie op rank. Hou net die vinnigste groeiende pampoen en snoei die ander af (slegs een pampoen per plant vir maksimum grootte).

\* Dit is belangrik dat jy die pampoen se bodem beskerm. Dit kan nogal “soggy” word onder die pampoen met al daai water wat jy gaan spuit. Sit dus al vroeg wit sand (soos bousand of riviersand) onder die pampoen. Dit kan ook voorkom dat peste onder jou pampoen huismaak


\* Bou 'n skaduwee vir jou pampoen (hoef net die pampoen te bedek – nie die plant nie) - beskerm die pampoen teen direkte sonlig. Skaduwee vir die pampoen is baie belangrik sodat dit nie vroegtydig ryp sal word nie.

\* Sorg dat pampoen 90 grade met rank is. Ingeval nie – skuif die pampoen bietjies vir bietjie elke dag in warm weer (middel van die dag) tot die pampoen 90 grade met rank is. (Dit verhoed dat die wand van die pampoen teen die rank druk en sodoende homself van die rank afskeur.)

\* Die wortels van die rank naby die pampoen moet ook afgesny word. Soos die pampoen groei, gaan die rank van die grond wil oplig. As jy nie die wortels naby die rank afsny nie, kan die pampoen homself weereens afskeur.

\* Teen middel Januarie begin die pampoen teen 'n snel tempo groei. Belangrik dat jy genoeg water toedien. (so 130-170 liter per dag – of alternatiewelik so 450 liter per plant twee keer per week).

\* Temperature bo 30 grade sal veroorsaak dat die plant verlep - wat die pampoens se groeitempo sal verlaag. Die plant kan afgekoel word deur met 'n baie fyn sproei te spuit op die blare elke paar minute. (spreier/mister moet fyn genoeg wees om die blare nie nat te maak nie - maar net af te koel)



Belangrikste area van die plant. 90% van voedingstowwe vir die pampoens sal van die area kom. (stomp tot vrug)

Waar die pampoens verkieslik op die rank moet lê

## 6. Voedingsprogram

- \* Bemes plantarea voor plant met 'n gebalanseerde kunsmis (soos 3-1-5)
- \* Sommige groeiers dien weekliks 'n 'fish emulsion' kunsmis soos Seagro toe as 'n blaarvoeding
- \* Baie het ook goeie resultate deur nou en dan 'n seaweed/kelp kunsmis te gebruik (weereens op blare toegedien as blaarvoeding)
- \* Belangrik om dit nie te oordoen met kunsmis nie – anders kan die grond se balans versteur word (die beste grond is gebalanseerde grond).
- \* As jou grond reeds in goeie kondisie is, is dit 'n risiko om ekstra kunsmis toe te dien
- \* Vra gerus jou naaste kwekery/tuinsentrum oor Mycorrhiza. Dit is een van die geheime van die wêreld se top reuse pampoens kwekers en sal jou plant baie baat. Mycorrhiza moet in direkte kontak kom met jou wortels om te werk – so dien dit toe wanneer jy jou saailing uitplant in die plantarea. Dien ook 'n bietjie toe wanneer jy die ranke begrawe om wortelvorming aan te moedig. Vind meer uit oor Mycorrhiza en waar dit beskikbaar is vanaf hulle webwerf by: <http://www.biocult.co.za/>

Geniet die uitdaging!

Pampoens groete.